**Skriflesing: 1 Samuel 3 vers 1 tot hoofstuk 4 vers 1**
**Tema: Geloof is om die Here te hoor en te gehoorsaam**

Indien hier 'n bord voor die kerkgebou was waarop gestaan het: "Hier word die Woord van die Here min gehoor en min gehoorsaam", sal u hier erediens bygewoon het? Dit wat op die bord staan, was die geval in die tyd van Samuel.

Samuel is deur die kinderlose vrou Hanna, eggenoot van Elkana van die Here afgebid. In 1 Samuel 1 vers 11 hoor ons hoe Hanna bid en belowe dat sy hom sy lewe lank aan die Here sal gee. Dit is waarom Samuel op 'n jong ouderdom tempel toe geneem word.

Vir die Jode was die tempel die woonplek van God. God was in Sy tempel. Die lamp wat brand en die ark was getuies van God se teenwoordigheid.

Maar in die tempel was alles lankal nie meer pluis nie. Eli, saam met sy seuns, Hofni en Pinehas, is priesters in die tempel. Eli se seuns is goddeloos, hulle neem van die offervleis vir hulself voordat dit geoffer word en slaap by vrouens wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting.

Eli was nie gehoorsaam aan die Here nie. Hy vermaan sy seuns, maar dan laat Hy dit daar. Hy was al baie oud en gedaan, maar strenger optrede tot eer van God was nodig. Hy moes sy seuns bestraf. Die seuns luister nie na hul pa se vermaning nie. Hulle hoor en gehoorsaam nie die Here nie.

Omdat die priesters die Here nie gehoorsaam nie, word die Woord van God nie gehoor nie en verarm die gelowiges geestelik. Hulle word ongehoorsaam aan die Here.

Van die jongman Sameul lees ons twee maal dat Hy die Here gedien het onder die toesig van Eli. Hy was gehoorsaam. Maar dan lees ons in 1 Sam 3:7 die volgende skokkende waarheid: "Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie."
In die 7 tot 8 jaar wat Samuel tot nou toe in die tempel was, het hy die Woord van die Here nie gehoor nie. Die volk het al die regte dinge gedoen. Hulle het die tradisies gehoorsaam. Eredienste, offers en gebruiklike gemeentelike aktiwiteite het soos gewoonlik voortgegaan, maar die Woord van die Here is min gehoor.

Samuel ken of herken nie die Here nie, maar die Here ken vir Samuel. Drie maal roep Hy na Samuel op sy naam. Elke keer dink Samuel dat dit Eli is wat hom roep. Toe Samuel die derde maal by Eli kom besef Eli, wat al die stem van die Here gehoor het, dat dit die Here is wat met Samuel praat en Hy stuur hom terug na sy slaapplek met die woorde van 1 Sam 3:9: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!" Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê.

In 1 Sam 3:10 lees ons: "Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!" En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!"

Ek het meer as een keer in die afgelope twee weke se preke gesê dat die Here op baie maniere met ons praat. Soms praat Hy hoorbaar met ons, soos hier met Samuel. Soms praat hy deur mense, dit kan gelowiges of ongelowiges wees. Soms praat Hy met ons

deur iets wat met ons gebeur of deur die natuur. Maar in die eerste plek praat die Here met elkeen van ons by elke geleentheid deur Sy Woord.
Ons lees in Hebreërs 1 vers 1-2: "In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun."

Daagliks moet ons die Bybel, as Woord van God, oopmaak met die gesindheid en gebed van Samuel: "Praat, Here, u dienaar luister!"

Die Here praat met Samuel en hy luister. Die Here kondig oordeel oor Eli en sy familie aan. Samuel hoor, maar hy gehoorsaam nie want hy was bang. Hy gaan voort met sy daaglikse roetine. Hy is getrou op sy pos. Hy maak die deure van die huis van die Here oop en verwelkom die vroeë tempelgangers vriendelik. Hy doen al die regte goed, maar hy is nie gehoorsaam nie. Hy is 'n vlugtende profeet tot Eli hom roep in 1 Sam 3:17: "Eli sê toe: "Wat het die Here met jou gepraat? Moenie iets vir my wegsteek nie. God sal jou met die dood straf as jy iets van wat Hy aan jou bekend gemaak het, vir my wegsteek." Hierna vertel Samuel alles.

Hoor jy die Here deur Sy Woord? Gee jy Hom kans om met jou te praat? Maak jy daagliks die Woord oop met die gebed van Samuel: "Praat, Here, u dienaar luister!" En wanneer jy hom hoor, gehoorsaam jy die Here?
Die Here gee vandag steeds Sy boodskap van lewe en dood vir jou en vir ons almal om dit te gaan oorvertel. Dit gaan nie altyd maklik wees om die boodskap oor te dra nie. Ek kan my voorstel hoe Samuel in sy bed lê en rondrol het oor die boodskap wat God vir hom gegee het. Uiteindelik het Samuel alles vertel. Hy hoor en gehoorsaam. En ook Eli hoor en gehoorsaam. In 1 Samuel 3 vers 18 buig hy voor die Here: "Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil."

Sameul is die laaste rigter en 'n profeet, priester en leier. Hy het in 'n moeilike tyd opgetree. Die Woord was skaars, priesters was korrup, die Filistyne het die volk bedreig en die volk het aangedring om van God se regering na 'n regering deur konings te beweeg. In hierdie tyd gebruik die Here Samuel om groot dinge vir Hom te doen. Samuel salf Saul en na hom, Dawid, as koning. Want Samuel het die Here gehoor en gehoorsaam. En die Almagtige God, wat dinge doen wat mense se ore laat tuit, was by hom. Daarom gebeur 2 dinge:

**1. Die hele volk het gesien dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here.**
Hoe sien die wêreld ons as kerk? Ons as kerk beleef iets van 'n krisis . 'n Deel van die wêreld beskou ons nie as betroubaar nie en daarom vertrou hulle ons nie.

**2. Die Here het Hom aan Samuel geopenbaar deur sy Woord en Samuel het Sy Woord aan die hele Israel oorgedra.**
Die Woord is weer gehoor en 'n deel van die volk is gehoorsaam daaraan.

**Wanneer gebeur hierdie goed?**
Wanneer daar op 'n bord voor die kerkgebou, of nog belangriker: wanneer daar op 'n bord voor ons woonplek en die belangrikste op die bord voor ons lewens die volgende staan: "Hier word die Woord van die Here gehoor en gehoorsaam."
**Amen**